

ONTLEED USELF... Elke 'ja' is slegs 'n bevestiging van 'n onderliggende probleem.

Voel u senuweeagtig Voel u gespanne Ek voel moeg Ek voel uitgebrand Ek bekommer my oor alles Daar word te veel van my verwag Ek raak maklik paniekerig Ek is gedisorganiseer Ek het geen tyd meer vir myself nie Ek voltooi nie meer my doelwitte nie Ek het 'n gebrek aan energie Ek het spierspanning Ek voel soms verward Ek maak mense bang deur my optrede Ek ondervind hoofpyne Ek is bang Doen soms meer as een werk gelyktydig Ek voel soms duiselig Ek kan nie meer konsentreer nie Mense sê: Ek is beneuk Ek is befoeterd Ek is onredelik Ek is te rigied as ek tereg wys Ek is perfeksionisties Ek is kwaai Dan ondervind ek die volgende probleme: Maagkrampe Hoë bloeddruk Spastiese kolon Sinus, asma Droë vel Sweterige handpalms Kou my naels

Vrees een van die drie wortel probleme wat by alle mense tot 'n meerdere of mindere mate gevind word, se oorsprong kan van drie moontlike bronne kom. Die eerste nege maande in utero. Die kind se lewensgeskiedenis waar negatiewe omgewingsfaktore 'n probleem kon veroorsaak het en die kind se traumatiese ondervindings aardeur hy moes worstel. Verseker gaan letsels of wortel probleme nagelaat word in sy geheuebasis. Vrees –die wortelprobleem– word geaktiveer deur 'druk' .. se vrug/simptome is die volgende: Kan nie konsentreer nie, onthou nie meer nie, raak geïrriteerd en beneuk en dan begin die hoofpyne en die hartkrampe. Eers die dokter wat pille voorskryf wat direk of indirek die Endokrienkliere aktiveer wat dan hormone vrystel in die bloedstroom. Tydelike verligting .. maar die voorwaarde 'hou by die Dokter se voorskrif'. Maar die 'wortel' naamlik 'vrees' is nog nie geïdentifiseer nie. Sou die probleem toeneem word 'n sielkundige nader geroep. Eventueel word ontstres tegnieke voorgestel soos, meditasie of dalk slaapterapie, wat weer 'n tydelike oplossing voortbring. Maar weer 'n keer moet ons by die voorskrifte bly om probleem in bedwang te hou. Tenlaaste die Pastorale sielkundige. Elke probleem hetsy siekte of huwelik of probleme met die kinders het 'n oorsprong. Kennis -hetsy Woord en prakties- is 'n stap nader in die oplossing daarvan. God's Gees speel 'n kardinale rol in die ontknoping van die probleem en dan die gebed. Slegs deur Jesus Bloed en die Kruiswonde en die toepassing van Sy Woord bring permanente verlossing voort. Permanente genesing word slegs volhou deur die toepassing van God se Riglyne wat by die 6,000 jaar beproef is. Belydenis teenoor 'n regverdige, die vergewe van die betrokkenes, die respektering van jou ouers, die inwerkende krag van die Heilige Gees en die toepassing van God se Woord en die inneem van vitamienes is almal faktore wat in ag geneem moet word..

BAIE BELANGRIK!!

Efésiërs 6:10 - 17 Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die list van die duivel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees - dit is die woord van God.

VIER GEBEDE OM VAN DIE 'gees van vrees' ONTSLAE TE RAAK. (1) Ek vergewe hulle wat my aan vrees blootgestel het. (2) Vergewe my Here dat ek vrees toegelaat het. (3) Ek beroep my op U Bloed, Here, verlos my van hierdie oortreding. (4) Gees van God, vul my lewe met Liefde, met Krag en met 'n helder Verstand.

BAIE BELANGRIK!!

Efésiërs 6:10 - 17 Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bese sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees - dit is die woord van God.

EK MAG NIE VREES NIE .. DIT IS 'N SONDE OM BEKOMMERD TE WEES OOR DIE VOLGENDE DAG.

Nog sewe verdere skrifgedeeltes waar God jou opdrag gee om nie te vrees nie.

Mediteer die riglyne. Psalms 112:7 -ek sal nie vrees vir slegte tyding nie- Hy vrees nie vir slegte tyding nie; sy hart is gerus, vol vertroue op die Here. Psalms 91:5 -ek vrees nie vir die skrik van die nag nie- Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, Deut. 20:1 -ek sal nie vir my vyand vrees nie- As jy na die oorlog uittrek teen jou vyand en perde en strydwaens sien, 'n volk meer in getal as jy, dan moet jy vir hulle nie vrees nie; want die Here jou God wat jou uit Egipteland laat optrek het, is met jou. Job 11:15 -ek vrees ook nie vir die verlede se foute nie- Ja, dan sal jy jou aangesig kan ophef, vry van smet; en jy sal vasstaan sonder om te vrees. - Openbaring 2:10 -Ek vrees vir niks wat ek sal ly nie- Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee. 1 Johannes 4:18 -Daar is geen vrees in die liefde nie- maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. Romeine 8:15 -EK het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie- maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!

Die 'gees' van VREES gaan terug kom! Sewe maal erger. Jy gaan nou bevry word ... maar u verantwoordelikheid is om die 'gees' te weerstaan Paulus sê "gee hom geen plek nie" Laat die GEES van VREES nie weer toe nie. Jakobus 4:7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader.